

14 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 26:26-29

Fokusgedeelte: Matteus 26:26-29

Jesus gee ons die fees van die Nagmaal

Jesus gee aan ons die fees van die Nagmaal enkele ure voordat Hy die verskriklike vervloeking aan die kruis moet dra. By elke fees moet ons onthou dat opregte feesviering met dankbaarheid gepaard moet gaan, omdat Christelike feeste net met blydskap gevier kan word, want Jesus het helse pyn, smarte, Godverlatenheid en die vloekdood ondergaan en het triomfantelik opgestaan.

By die instelling van die Nagmaal gebruik Jesus brood en wyn. Die ongesuurde brood word in Deuteronomium die brood van smarte genoem. Jesus bedien dit by hierdie paasmaaltyd die aand voor sy kruisiging om ons aan te moedig om dag vir dag ons sonde, skuld, bekommernis en probleme aan Hom af te gee (ook by die eet van die Nagmaalsbrood) met die blye feestelike sekerheid dat Hy sy liggaam, Homself, gegee het as offer om al ons sonde weg te neem. In hierdie gedeelte bevestig die brood ook die ewige verbond. God se verhouding met ons is lewend deur die werk van Christus en die Heilige Gees.

Die wyn in die Nagmaal is ingestel nadat die paaslam geëet is. Dit is die wyn in die beker van danksegging, van lofprysing. By die drink van die wyn verseker die Here ons dat Hy die nuwe lewe, die vergewing van sonde, die herstelde verhouding met God vir ons gee. Daarom is die wyn teken van die feestelike viering van ons dankbaarheid teenoor God. So verkry ons sukkelende aardse lewe tog ook die karakter van 'n feesviering oor die genade van die Here.

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6

Prof BJ de Klerk (Teologiese Skool)

